



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124

STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-09-23

Liewe Ouers

Ons kom aan die einde van nog 'n kwartaal wat baie vinnig verbygegaan het! Baie dankie aan almal wat bygedra het tot ons suksesvolle konsert en die wonderlike terugvoer wat ons van die ouers ontvang het. Aan ons ouerkomitee 'n spesiale woord van dank vir alles wat hulle behartig het! Dankie ook aan die padpatrollieouers; die wintermaande bly 'n beproewing soggens in wind en weer! Ons wens almal 'n rustige en genotvolle vakansie toe.

PERSONALIA

Ons neem ongelukkig afskeid van Juffrou Meagan Botha, assistent van die Bytjeklas en verwelkom vir Juffrou Elisma Muller in haar plek. Sy is reeds aan ons bekend en het die afgelope jaar reeds by etlike onderwyseresse afgelos.

BAIE DANKIE

Skole se vooruitgang kan direk gekoppel word aan betrokke en bereidwillige ouers! Ons is dankbaar om betrokke ouers te hê wat hul geld en tyd opoffer om ons by die skool te help. Daarom wil ons graag vir **Richard Davy** van WP Roofing bedank vir die herstelwerk wat hulle gratis aan die Bytjeklas se dak gedoen het.

071 523 3271 / 021 569 3663

rd@wproofing.co.za

GESONDE KOSBLIKKE

Ons wil graag die ouers aanmoedig om die laaste kwartaal moeite te doen om **gesonde** kosblikke vir ons kleuters te pak. Volg dié basiese riglyne by die pak van 'n kosblik:

- **Graan/stysel:** Volgraanbroodjie (bruin brood), roosterbrood, wrap, mini-pita of soutbeskuitjies
- **Proteïen:** Kaas, eier, hoender, tuna of natuurlike joghurt
- **Vrugte:** Appel, piesang, druiwe, bessies en peer
- **Groente:** Komkommer, worteltjies, tamaties
- **Drank:** Verkieslik water (ekstra koeldrank indien nodig)

Vrydae is lekkertjedag. Kom ons beperk dit egter tot een klein pakkie skyfies, óf 'n klein sjokolade óf 'n pakkie lekkers.

BAIE DANKIE aan dié ouers wat soveel moeite met kosblikke doen! Ons sien dit raak en dit word opreg waardeer, want 'n kleuter wat gesond eet het nie probleme met konsentrasie of moegheid nie.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die eerste week is: **SPORTSOORTE**

Ons persepsies:

Getal:

9 en negende

Klank:

u-klank

Assesserings:

Posisie in die ruimte: Bo, onder, langs, regs, links, tussen, ens.
Legkaartvermoë (200-stuk legkaarte)

Voer 3 instruksies korrek uit
Klap lettergrepe
Skryf eie naam met korrekte lettervorming
Verjaarsdagdatum

Maandag	5 Oktober:	VAKANSIE
Dinsdag	6 Oktober:	SKOLE OPEN Bring 'n uitgeknipte prentjie van 'n u-klank, asb.
Woensdag	7 Oktober:	Ons maak die getal 9 met klei
Donderdag	8 Oktober:	Ek teken my gunstelingsportsoort
Vrydag	9 Oktober:	Ek skryf my eie naam met die korrekte lettervorming Lekkertjiedag Onthou skoolhempies, asb.

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die eerste week is: **BESOEDELING**

Ons persepsies:	Getal:	1 en een
	Klank:	I-klank
	Vorm:	Sirkel
	Kleur:	Blou

Maandag	5 Oktober:	VAKANSIE
Dinsdag	6 Oktober:	SKOLE OPEN Bring asb. 'n leë tissueboks skool toe
Woensdag	7 Oktober:	Ons maak 'n "Red die aarde" prent
Donderdag	8 Oktober:	Ons maak 'n rommelmonstertjie
Vrydag	9 Oktober:	Lekkertjiedag Onthou skoolhempies, asb.

Geniet die vakansie en kom asb. weer veilig terug as u weggaan!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel